MIV- en Vigsopvoeding: Basiese feite
bl.176 - 178 en 181

1. Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is.

a. MIV verswak die immuunstelsel en veroorsaak Vigs.

_____

b. Jy kan MIV en Vigs verkry deur iemand wat die virus het, aan te raak.

_____

c. Onbehandelde Vigs sal tot die dood lei.

_____

d. 'n Mens weet jy het MIV opgedoen sodra jy besmet word.

_____

e. 'n Mens met MIV kan voluit lewe indien hy of sy die korrekte medikasie gebruik en 'n gesonde leefstyl volg.

_____

f. Slegs sekere soort mense kan MIV kry.

_____

g. Daar is geen geneesmiddel vir MIV en Vigs nie.

_____

h. Die enigste manier om vas te stel of iemand MIV of Vigs het, is deur middel van 'n bloedtoets.

_____

i. MIV en Vigs kan deur middel van besmette bloed oorgedra word.

_____

j. Aangesien iemand anders moontlik MIV of Vigs mag hê, behoort jy nie aan hulle bloed te raak nie.

_____

k. Indien iemand 'n besering opdoen en bloei, behoort jy jou hande met plastiek te bedek voordat jy hulle help. Hierdeur beskerm jy jouself teen bloed wat moontlik besmet kan wees.

_____